

3 Mei

Openbaring 1:7-20

(Teks: 1: 17,18)

Moenie bang wees nie

Wie van ons voel nie soms platgeslaan en het dan 'n behoefte aan troos en bemoediging nie?

Op Patmos het die apostel Johannes heelwaarskynlik ook so gevoel: Hy was immers een van die slagoffers van die wrede vervolging teen die kerk - daarom sit hy as banneling op Patmos.

En dan verskyn die Here Jesus aan hom. Hy verskyn as die Eerste en die Laaste. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Hy regeer oor alles. Onder sy leiding ontwikkel die wêreldgeskiedenis.

Hy is die Lewende wat dood was maar nou leef. Op Golgota het Hy gesterf vir die sondes van sy geliefdes. Hy het uit die diepte van die dood opgestaan en triomferend uit die graf getree. Hy heers oor dood en graf!

Hy is die Sleuteldraer wat die sleutels van die dood en doderyk hanteer. Niemand hier op aarde sterf as dit nie die wil van die Here Jesus is nie. Hy kan ook lewend maak. Eendag sal Hy die poorte van die doderyk open en dan sal die uitverkorenes in hemelse heerlijkheid op die nuwe hemel en die nuwe aarde leef tot in alle ewigheid!

Dit is die Here wat op Patmos aan Johannes verskyn het. Dit is die Here wat vandag nog aan ons verskyn in en deur sy Woord en Gees om ons op te rig en te bemoedig en staande te hou as die lewenstorms in alle geweld teen ons vasslaan. In sy hand is ons meer as oorwinnaars oor al die dinge wat ons bedreig en bekommerd maak - ja, selfs ook oor die dood!

Sing Skrifberyming 23:4

Ds. J.J. de Klerk (Boksburg-Suid)